# VAKATURE BY *WESSA*

## Senior Projekkoördineerder – Noord-Kaap
## (Gebaseer in Kimberley)

Die Natuurlewe- en Omgewingsvereniging van Suid-Afrika (*WESSA*) is een van Suid-Afrika se toonaangewende omgewings-NWO's. *WESSA* se missie is om Op te voed. Te bepleit. Aksie te neem. (*Educate. Advocate. Act.*) deur middel van sy personeel, lede, vrywilligers en ondersteuners, om sodoende skole en gemeenskappe regoor die land te bemagtig om by betekenisvolle omgewingsaksie betrokke te raak.

*WESSA* is op soek na 'n gemotiveerde **Senior Projekkoördineerder om die suksesvolle uitvoering van sleutelprojekte in die Noord-Kaap te dryf.**

Jy sal in die Noord-Kaap gebaseer wees en jou hoofverantwoordelikhede oor hierdie 2-jaar vastetermynkontrakperiode sal wees om projekbeplanning, uitvoering, monitering en belanghebberkoördinering te lei, en te verseker dat dit ooreenstem met strategiese doelwitte, tydlyne, begrotings en gehaltestandaarde. Jy moet Engels en Afrikaans magtig wees, want dis noodsaaklik vir die doeltreffende aanbieding van programme en vir betrokkenheid by diverse belanghebbers, skole en gemeenskappe regoor die Noord-Kaap.

### SLEUTELPRESTASIEAREAS SLUIT IN:

- Ontwikkel en implementeer projekplanne vir skole in die streek, en verseker dat goedgekeurde kontrakte en begrotings nagekom word.
- Moniteer en evalueer projekvordering, insluitend vereistes vir befondsers, tevredenheid van begunstigdes en verslagdoeningsverpligtinge.
- Betrek Eko-skoolkomitees om uitdagings aan te spreek en prestasies te vier.
- Bou sterk verhoudinge met skole en handhaaf akkurate data om die impak van die projek te demonstreer.
- Mentor interns (leerlingkandidate) en bied deurlopende ondersteuning aan opvoeders via WhatsApp-groepe en terreinbesoeke.
- Brei die aantal Eko-skole, *LEAF**- en *YRE**-skole in die streek uit en ondersteun Onafhanklik Geregistreerde Skole *(*OGS/*IRS**).
- Implementeer strategieë om die OGS *(IRS**) te ondersteun.
- Vestig en handhaaf vennootskappe met amptenare van die distrik se

Departement van Onderwys (DO), munisipaliteite, privaatskole en plaaslike besighede.

- Koördineer werkswinkels, skoonmaakveldtogte, toekennings en ander geleenthede in samewerking met belanghebbers.
- Dra by tot bemarking en kommunikasie, insluitend maandelikse nuusstories, impakartikels en sosiale media-inhoud.
- Ontwikkel nuwe onderrig- en leerhulpbronne in lyn met *WESSA*-programme en hou die Eko-Skole se aanlyn platform in stand.
- Implementeer moniterings- en evalueringsinstrumente en sorg dat aanlyn inhoud kwartaalliks opdateer word.

**ONDERVINDING VEREIS VIR HIERDIE POS:**

- Toepaslike tersiêre kwalifikasie in Onderwys, Omgewingswetenskap, Volhoubaarheid of verwante veld.
- Minimum van 3 jaar se relevante werkservaring; ondervinding in omgewingsopvoedingsprogramme sal in jou guns tel.
- Sterk projekbestuur-, koördinerings-, verslagdoenings- en verhoudingsbouvaardighede.
- Uitstekende kommunikasievaardighede (mondeling, skriftelik en ten opsigte van aanbieding), met professionele bekwaamheid in Afrikaans en Engels. Hierdie vaardigheid is noodsaaklik aangesien die rol gereelde skakeling met Afrikaanssprekende gemeenskappe en belanghebbers behels. Vaardigheid in enige ander amptelike Suid-Afrikaanse taal sal voordelig wees.
- Bedrewe in die gebruik van Microsoft Office, Teams en digitale kommunikasieplatforms.
- Vermoë om onafhanklik te werk, verskeie projekte te bestuur en sperdatums te haal.
- Besit 'n betroubare voertuig en 'n geldige bestuurslisensie (noodsaaklik).
- Gebaseer in Kimberley, met die bereidwilligheid en vermoë om gereeld binne die Noord-Kaap Provinsie te reis.
- Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner.

**LET WEL:** *WESSA* is 'n gelyke geleentheidswerkgewer. Ons moedig aansoeke aan van individue van alle agtergronde en ervarings. *WESSA* behou die reg voor om nie 'n aanstelling vir die pos soos geadverteer te maak nie.

**STUUR ASSEBLIEF U AANSOEK NA:**

*WESSA* Menslike Hulpbronne, per e-pos aan: applications@wessa.co.za
Meld asseblief **Senior Projekkoördineerder – NK** in die onderwerpreël; en e-pos u dekbrief, CV en enige ondersteunende dokumentasie as 'n gekombineerde, enkele PDF-lêer.

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE:** **Woensdag 04 Februarie 2026 om 16:00**

----------------

- *NWO – Nie-Winsgewende Organisasie */ Non-profit Organisation (NPO)*
- **LEAF School – Learning, Experiences, & Activities in Forestry*
- **YRE school – Young Reporters for the Environment*
- **IRS* – Independently Registered Schools